



Federasie kyk na Sanral-tolgeld

Onlangse koerantberigte het gemeld dat die Federasie van Woonwa- en Kamppeerklubs, waarby ondermeer Sawa en KSA geaffilieer is, aangedui het dat hulle by die landwye protesaksie teen die toltariewe wat in Februarie op Gauteng se snelweë in werking tree, betrokke gaan raak.

By navraag het die voorsitter van die Federasie, Jurie Dreyer, gesê dat adv. Anton Alberts, 'n parlementêre woordvoerder oor vervoersake, die Federasie op die hoogte hou van ontwikkelinge in die verband en dat die Federasie sal optree waar en wanneer nodig.

In sy hoedanigheid as nasionale voorsitter van

Sawa het Jurie aan Kampkrummels gesê dat deeglike beplanning met die oog op 2012 onlangs by 'n dagbestuursbeplanningsvergadering gedoen is waar die Sawa-President ook teenwoordig was. Die gebeure by die Buffelspoortkongres is ook in oënskou geneem. Daarna het die laaste NUB-vergadering van die jaar plaasgevind. Die Jaarprogram en Nasionale Nuusbrief (SAWANANT) sal binnekort aan lede gepos word en dan is die formele werksaamhede van die jaar afgehandel. Jurie het verder gesê dat die

Sawa-kongres wat volgende jaar op Hartenbos gehou word, 'n hoogtepunt sal wees. Dit stel ondermeer besondere uitdagings en daar word behoorlik in die verband beplan.

“Die 100-Pus-saamtrekke word uitfaseer en vervang met 'n groot nasionale saamtrek wat in Oktober by Malonjeni gehou word. Hierbenewens vind 'n nasionale winter-saamtrek in Junie by Klein Kariba plaas. Die Presidente-saamtrek bly egter die belangrikste en sal in 2012 oor die Paasnaweek by Klipdraai (Meyerton) gehou word.”

Jurie het sy beste wense vir 'n geseënde Kersfees en mooi 2012 oorgedra.

Jurie Dreyer, voorsitter van die Federasie



Saamtrek by Joos Becker skop af met manne-aand

Hennie Ferreira sê dat met die senior burgers wat reeds vanaf Woensdag 23 November by Joos Becker saamtrek en die manne-aand wat Donderdagaand plaasvind, gaan dit sommer 'n lekker geleentheid wees om die jaar af te sluit. Hy het 'n beroep op almal gedoen om te kom saamkamp.

Besonderhede oor die saamtrek is op bladsy 4.

Lees binne . . .

Oordenking	2
Sawa in breër verband	2
Redakteur in die breë	3
Kampnuus	4
Saamtrekdatums	4
Voorsitter sê	5
Sawa-kleuters	6
Drakensbergtoer	7
Schalk gesels	8
Senior burgers	9
Jongklomp (tieners)	9
Shangrila-foto's	10
Verjaarsdae, lief, leed	11
Rus-tige Shangrila	11
Fotoblad	12

President stel dagbestuurslede en hulle gades aan die Kongres voor



President Nico Spaumer, Jurie (voorsitter) en Kittie Dreyer, Jannie (ondervoorsitter) en Alet Meyer, Willie (sekretaris) en Elma Bronkhorst, Fanie (penningmeester) en Berta Jordaan, André (skakelbeampte) en Juliana Knoetze.

Foto: Nico Zwarts



OORDENKING

Daar ver in 'n krippe ...

Daar was skaapwagters ... wat op die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het. Luk. 2:8

Die nag was koel en die windjie was fris. Die grond waarop hulle geslaap het was hard, en die sterrenag was hulle enigste bedekking daar waar hulle wag gehou het oor hulle skape wat rustig in die donker slaap.

Skielik lyk dit asof die skape meer sigbaar word in die donker – dis asof die lug helderder is. Dan, in 'n oogwenk skyn daar 'n oorweldigende lig wat die nagtelike hemel verlig. En in die lig staan 'n engel wat 'n wonderlike boodskap aan hulle verkondig: “*Vandag is daar vir julle 'n Redder gebore en julle sal hom vind waar hy in doeke toegedraai lê in 'n krip.*” (Luk. 2:11)

Hulle kon nie wag om te gaan kyk nie. En wat kry hulle? Presies wat ek en jy steeds vind: God in die vlees. God as mens. God Immanuel. God het na ons toe gekom – so naby dat Hy soos ons kon wees. So naby dat ons Hom kan omhels. God het 'n kind geword sodat Hy ons kon teruglei na ons Vader.

Wanneer die lewe weer sy vaal kleed oor jou kom sprei, en niks vir jou mooi is nie, onthou die Een wat tussen die diere in 'n stal gebore is. Wanneer dit weer vir jou voel asof jy nêrens hoort nie, onthou die een wat moes vlug voor sy eie mense. Wanneer dit vir jou voel as niemand jou hulpgeroep hoor nie, onthou die Een wat in lappe toegedraai in 'n stal gehuil het.

Een nag, twee duisend jaar gelede, het 'n paar armsalige skaapwagters iets gevind wat hulle wildste drome oortref het. Iets wat ons ook kan vind: die pad na God deur 'n krip.

Hennie Symington

Vers 'n dag (www.bybel.co.za)

Breër verband

Sawa streef daarna om

- vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.
- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.
- die belange van SAWA-lete te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.
- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.
- in alles die hand van die Skepper te sien en Hom daarvoor te huldig.



Streekbestuur 2011-2012

Voorsitter: Hennie Ferreira (083 226 176) hennief@agency.co.za

Ondervoorsitter: Louis van den Berg (083 277 7307) vdbl@vodamail.co.za

Sekretaris: Ina van den Berg (079 393 3977) jannie.ina@gmail.com

Penningmeester: Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

Redakteur: Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za

Senior burgers: Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

Addisionele lede: Schalk Nolte (012 345 1605), Ronelle King (012 664 6611)

André Baker (012 654 6127)

Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499

Oor Sawa in die breë sê die Redakteur:

Mense hou van die bekende en daarom is verandering vir hulle moeilik



Johann Lemmer

Vir die meeste mense is verandering moeilik, mense hou van die bekende. Hierdie verskynsel het duidelik by die afgelope Sawa-kongres na vore gekom toe vernuwingsvoorstelle nie die vereiste getal stemme kon behaal om goedgekeur te word nie.

Dit was nie die eerste keer dat dit die afgelope jare gebeur het nie. By 'n vorige geleentheid is 'n goed bedoelde voorstel om die Sawa-grondwet meer in ooreenstemming met die land se grondwet te bring op dieselfde manier gekelder.

Hierdie “vrees” vir verandering is eie aan meer konserwatiewe organisasies wat meen dat hulle op die wyse behoudend optree. Alhoewel daar moontlik voordele aan verbonde kan wees, is dit ook gevaarlik omdat dit maklik tot stagnasie kan lei.

'n Tyd gelede is 'n artikel in SAWANANT gepubliseer wat oor die noodsaaklikheid van verandering handel. Die skrywer het daarop gewys dat dit vir die meeste mense moeilik is. Dis hoekom in die kerk, skool en selfs konferensies mense altyd geneig is om op dieselfde plek te sit as byvoorbeeld die vorige dag.

Die afgelope dekade of twee het daar soveel veranderinge plaasgevind dat veral ouer mense hipersensitief is daarvoor. Verandering veroorsaak altyd 'n mate van onsekerheid. Hierdie onsekerheid veroorsaak stres wat natuurlik ongemak in enige mens se lewe tot gevolg het.

Ons weet egter dat verandering die enigste stap tot die moontlikheid van iets beters is. Dis nie altyd 'n verbetering nie maar nege uit die tien gevalle loop dit op iets beters uit. Die enigste ding waarvoor ons 100% seker kan wees is dat daar verandering sal wees. Alles verander, die seisoene, ons liggame, die weer, alles verander! As ons nie die golf van verandering ry nie, mag ons onself dalk onder die golf bevind.

Wilhelm Lombard gee die volgende redes waarom Sawa-lede moontlik traag is om aan verandering te byt:

Gemaksone – ons binne Sawa is gemaklik en gewoond aan dit wat ons het.

Gebrek aan fokus of rigting – wanneer 'n organisasie nie werklik weet waarheen hy op pad is nie kom hy gewoonlik ook daar uit (nêrens).

Gebrek aan vertroue – as leiers binne 'n organisasie nie daarin glo dat hulle met iets beters vorendag kan kom nie - sal hulle ook nie.

Mense wat dink hulle het al die antwoorde – vir jare het ons dit só of só gedoen, daar is geen beter of ander manier nie.

“Blame game” – mense blameer alles en almal byvoorbeeld jonger mense ken nie die hart van Sawa nie, die lewe is te duur, brandstofpryse, misdaad is te hoog, die regering is sus of so ens.

Uitsteltegniek - almal weet iets moet gedoen word maar niemand wil dit doen nie - ons is nou al te oud.

Emosionele weerstand – mense raak emosioneel oor verandering – hulle word kwaad of hartseer omdat dit wat oor die jare opgebou is nou sal verander, die sweet en tranes wat hulle ingesit het – en nou sal niemand hulle meer raaksien nie ens.

Konflikvermyding – mense is bang dat mense hulle sal teenstaan – hulle is bang dat hulle op iemand se tone kan trap.

Perfeksionisme – mense kyk met arendsoë dat alles perfek moet wees – geen verandering is net sommer 100% reg nie – alles neem tyd. Vernuwingsvra geduld.

▼ Drakensberg - toergroep se uitsig op pragtige Amfiteater ▼



Hettie Smith, Martiens en Bets Joubert, Frank Smith, Magdanell en Theunis Botha, Alida en Fanie Venter en Henry en Roekie Hill (Berig op bladsy 7)



Roekie Hill het hierdie foto geneem naby die Hlalanathi-kamp

Lekker Kampnuus



Ons kamp by mooi terrein naby Hartebeespoortdam

Dit was die eerste keer dat ons as streek by Shangrila-Innibos (Hartebeespoortdam) gaan kamp het en almal was beïndruk met die kampterrein wat baie netjies en boomryk is. Sarel, die eienaar, ry gereeld deur die kamp om te verseker dat die besoekers tevrede is en knoop geselsies aan. Die oord is sy trots en ons dink hy hou daarvan as hy gekomplimenteer word met wat hy aanbied vir kampeerders. Elke staanplek het sy eie badkamer en kombuis en daar is altyd warm water. Van die staanplekke is groot genoeg vir twee waens, en die laaste een in die ry is groot genoeg vir drie of meer waens. By dié staanplekke is die kombuisgedeelte ruim, en die badkamer het 'n gesonke bad. Daar is ook 'n afsonderlike stort en 'n buite stort, en net een ander geriefie. Voorts is daar 'n swembad, pragtige lapa en 'n kapel wat hoogstens sestien gaste kan huisves. Daar is 'n paar *chalets* op die terrein wat redelik duur is, maar tog was almal beset.

Vrydag deur die loop van die dag het die Kiepersollers gearriveer en teen die aand was ons elf woonwaens. Saterdag is die besienswaardighede om die dam druk besoek. Die bedoeling was dat daar die aand saam met jou bure gebraai moes word maar die uiteinde was, soos altyd, weer 'n gesellige gesamentlike braai. Bets Joubert het haar heerlike blikkiesbrood gebak en die vroue het gewys dat hulle met dit wat in die woonwaens was heerlike slaai kon prakseer. Om die Engelse terme te gebruik, daar was 'n heerlike "spread" uitgepak. Schalk en Marianne Nolte het ons getraakteer op 'n keuse van musiek uit vergange se dae wat so in die kraam van almal gepas het. Ons is soms geneig om te vergeet van die moeite wat hulle doen met die opstel van die apparaat en die aanbied van die musiek. Langs hierdie weg wil ons weereens aan hulle baie dankie sê.

Sondagoggend het 'n tentmaker-prediker, Schalk van Wyk, op gepaste wyse die naweek afgesluit waarna die gebruikelike koek en tee geniet is.

Die gewone tarief by die oord is R380 per nag, dus het diegene wat so graag tot Maandag wil oorstaan maar besluit om liewer huis toe te gaan. Dis 'n voordeel om aan SAWA te behoort want ons kry goeie korting.

Kampkommandante: Martiens en Bets Joubert en Frank en Hettie Smith

Saamtrekdatums

Volgende kamp:

25 November: Joos Becker

Seniors vanaf Woensdag (R110 per nag).

Manne kom Donderdagaand bymekaar om saam te braai (ook vir die dames!).

Vrydag 19:00 Boekevat

Saterdag 09:30 Registrasie

14:30 Kersprogram en boekevat

15:00 Kersboom, bring geskenke saam

17:00 Toekennings

17:30 Bring-en-braai-vure aangesteek

(bring slaai vir slaaitafel asseblief).

Sondag: 09:00 Ligte gospelmusiek

09:30 Erediens

Afsluiting (bring koek, eetgoedjies asb.)

Laat weet vooraf hoeveel sal bywoon asb

Kampgeld R260 vir die naweek

Saamtrekke vir 2012

27 Januarie: Monateng

Kampgeld vir die naweek R430

Seniors vanaf Woensdag: R270 per nag

24 Februarie: Drie Berge

Kampgeld vir naweek R410

16 Maart: Marula (Bela Bela)

Kampgeld vir die naweek R200

6 April: Presidente: Klipdraai

25 Mei: Buffelspoort (Sitrusfees)

15 Junie: Nasionale Winterkamp

18 Augustus: AJV Klein Paradys (Brits)

7 September: Dube (Brits)

26 Oktober: Kaia Manzi

Kampgeld vir die naweek R370

16 November: Joos Becker (Kersboom)

Die Voorsitter sê Almal word 'n geseënde feestyd toegewens

Hennie Ferreira

Met minder as 50 dae van 2011 oor besef ons almal hoe vinnig die jaar verbygegaan het. Die jaar het beslis vir SAWA as organisasie nuwe uitdagings meegebring. By die Kongres kon die voorgestelde nuwe struktuur nie die vereiste tweede-derde meerderheid kry nie en die bestaande gebiedstruktuur word voortgesit.

Ledebehoud en veral die werwing van jonger lede, bly vir bykans elke streek 'n groot uitdaging. Ons ledeprofiel toon dat die gemiddelde ouderdom van lede al hoër word en dit bedreig die toekoms van ons geliefde organisasie. Gelukkig is ons bewus van die probleem en daarom behoort almal hard daaraan te werk om lede te behou en nuwe jonger lede te werf.

Ons streek het verder die probleem dat ondanks die feit dat ons 70 lede het, daar slegs 'n maksimum van 30 gesinne aktief is. Ons verstaan natuurlik dat daar ouer lede is wat nie eers meer woonwaens het nie, en wat weens gesondheidsprobleme nie meer kamp nie. Daar is ook 'n groot aantal van ons lede wat die laaste twee jaar nie een kamp bygewoon het nie, en ons as bestuur is bekommerd dat ons streek, en moontlik SAWA, nie meer vir die lede relevant is nie. Die vraag bly egter wat ons moet doen of nie moet doen nie om ons streek se lede weer by saamtrekke te kry.

Ons is aan die einde van die akademiese jaar en vertrou dat al die studente die vrug op hulle harde werk sal ontvang. Byvoorraat baie geluk aan elkeen.

Aan elkeen wat gedurende die jaar beproef is met die afsterwe van 'n geliefde wil ek persoonlik die



Hennie Ferreira

nabyheid van ons Hemelse Vader toebid gedurende die tyd. Ek glo ook dat ons nie anders kan as om ons Here te bedank vir gesondheid en krag wat ons die afgelope jaar ontvang het, en vir die spoedige herstel tydens tye van ongesteldheid.

Die afsluitingskamp vir 2011 is die laaste naweek van November te Joos Becker. Onthou die mans kom reeds vanaf Donderdag-aand daar bymekaar en die naweekprogram beloof om 'n genotvolle een te wees (kyk berig elders in Kampkrummels). Onthou alle kinders en kleinkinders is welkom, al is dit net vir die Saterdag. Onthou ook om Helpende Hand se projek te ondersteun en bring asseblief beddegoed, kussings, onderklere en klere saam na Joos Becker. Enige van die vermelde items sal opreg waardeer word.

Welkom terug aan almal wat onder leiding van Hettie en Frank die Drakensbergtoer meegemaak het. Lees elders oor wat alles gebeur het. Baie dankie aan die toerleiers wat dit moontlik gemaak het. Baie dankie aan elkeen wat gedurende 2011 gekamp het en die SAWA-familiebande verder versterk het. Dankie vir elkeen se bydrae tot SAWA en mag ons streek en SAWA van krag tot krag gaan.

Volgende jaar vind die Kongres gedurende die September-skoolvakansie te Hartenbos plaas

en almal is welkom. Beplan nou reeds julle dagboeke om hierdie unieke geleentheid te kan bywoon. Skakel vir Christo van der Merwe (012 653 2075) indien julle in die toere belangstel.

Ek en Hannie wens julle 'n wonderlike feestyd toe en vir die van ons wat gelukkig genoeg is om weg te gaan, mag julle die vakansie geniet, veilig reis en elkeen word 'n voorspoedige 2012 toegebid.

Ek sluit af met die volgende aanhaling van Ferdinand Deist:

“Jesus se vrede is die teendeel van ang en vrees. Sy vrede is die teendeel van die wêreld se vrede. Sy vrede bestaan daarin dat God by my kom inwoon. Sy vrede beteken dat ek en God dieselfde dak deel”

Kiepersolgroete, Hennie

Gee vanjaar 'n kussing en beddegoed vir Kersfees

Indien lede 'n Kersgeskenk vir die Filadelfia-mense wil gee, kan hulle 'n kussing in 'n sloop saambring na die Joos Beckerkamp. Enige ander items soos beddegoed, onderklere en ander klere word ook verwelkom.

Philadelphia Ark is 'n skuiling vir haweloses en werkloses wat deur Solidariteit Helpende Hand wes van Pretoria bedryf word. Al die huisies, ablusieblokke, ens is deur die inwoners self opgerig. Daar word na die totale opheffing van die mense wat daar bly gekyk.

Tandartse by Elwierda Apteek

Dr René Pretorius

Dr Tania Erikson

Telefoon: 012 653 6154

Kleuterstorie: Akkerboom en Bessieboom help mekaar



Akkerboom was 'n baie eensame boom. Hy was so eenzaam omdat daar net doringbome om hom was. Die doringbome was baie knorrig. Al wat akkerboom kon doen was om bedags met die sandkorrels om hom te gesels. Hulle was baie klein maar baie vriendelik.

Akkerboom was bly hulle kon, soos hy, nie beweeg nie maar net stilstaan. Sandkorrels het ook nie voete om mee te loop nie. Hulle kon nie vir hom weghardloop nie.

Akkerboom het nog 'n maat gehad. Dit was bessieboom en sy was naby hom geplant. As akkerboom honger was, het die bessieboom haarself so erg geskud dat daar telkens 'n klein hopie bessies afgeval het. Wanneer dit gebeur, gooi die sandkorrels dit tot by akkerboom.

So maak die akkerboom weer met die bessieboom as sy honger is. Hy skud hopies akkers af en dan gooi die sandkorrels dit na akkerboom.

As die sandkorrels honger is skud al twee bome hulleself sodat die sand ook kos kan kry. Hulle het mooi saamgewerk en saam gelewe.

Bessieboom was 'n vriendelike boom. As die doringbome hulle geterg het, het sy haar nie aan hulle gesteur nie. Wanneer hulle niks gehad het om te doen nie het hulle grappies gemaak en baie gelag.

Een dag het 'n man met sy perd verby gekom en by bessieboom gestop, afgeklim en begin om bessies te pluk. Bessieboom het begin huil omdat hy haar bessies gesteel het. Waar hy dit afluk was dit seer.

Akkerboom het woedend geraak en met 'n bloedrooi gesig hom nog erger as ooit te vore geskud.

Die sand was nie links nie en het begin om die man met die akkers wat afgeval het te gooi. Die man het verskrik weggehardloop na sy perd en op 'n galop weggery.

'n Week later vra akkerboom vir bessieboom hoe sy voel. Sy antwoord toe sy voel beter. Hulle het saam mid-dagete geëet en begin om grappies te maak en uiteindelik lekker begin slaap.

(Geskrif deur Lael Louw)



Akkerboom ▲



Bessieboom ▲

Pretoria-Noord Toyota

Die enigste onafhanklike Toyota-handelaar in Pretoria



- Nuwe Toyota passasiersvoertuie
- Nuwe Toyota kommersiële voertuie
- 250 Automark gebruikte voertuie
- Egte Toyota onderdele
- Werkswinkel

Pretoria-Noord Toyota bestaan sedert 1983 en ons leef ons motto - "Ons diens en groei" - ten volle uit.

**ALTYD BESKIKBAAR - 250 AUTOMARK-
GEBUIKTE VOERTUIE**

Pretoria-Noord Toyota
Gerrit Maritzstraat 597
PRETORIA-NOORD
Tel 012-546-0545

19879-2705/00/LEEF/198



NEEM LEIDING TOYOTA

BRITS WOONWAENS



Brits Woonwaens BK

Brits Woonwaens is ongeveer 50km vanaf Pretoria en sowat 100km vanaf die Wes-Rand. Dit is ook die naaste handelaar aan die Jurgens CI Fabrik te Ga Rankuwa. Ons bied die Jurgens, Gypsey, Sprite en Safari reeks aan, asook Jurgens Sleepwaens. Ons produkreeks word met 'n Campworld-winkel aangevul. Produkte soos: Howling Moon, Coleman, Engel, National Luna en talle meer kan hier teen kompeterende pryse gevind word.



Van Deventerstraat 39, Brits
T. 012 252 5169 F. 012 252 7722
britswoonwaens@lantic.net www.britscaravans.co.za

Seniors geniet tweede Drakensbergtoer terdeë

Kiepersol se tweede Drakensbergtoer (29 Oktober - 12 November 2011) onder leiding van Frank en Hettie Smith, het goed afgeloop en die toerlede het dit terdeë geniet. Hier volg 'n artikel saamgestel uit bydraes deur Alida Venter en Roekie Hill.

Uiteindelik het die tyd aangebreek om die toer na die Drakensberg te begin en ons ontmoet mekaar Saterdagoggend by die Petroport tussen Alberton en Heidelberg. Na 'n lekker koppie koffie vertrek die vyf woonwaens met Frank en Hettie Smith (toerleiers), Fanie en Alida Venter, Theunis en Magdanell Botha, Martiens en Bets Joubert en Henry en Roekie Hill (Rietvallei) na Hlalanathi waar ons drie nagte sou vertoef.

In die rigting van die berge pak donker wolke saam. By Hlalanathi aangekom het ons net tyd om die wagens staan te maak, en terwyl ons koffie drink sak die reën uit. Dit het niemand se geesdrif gedemp nie, en ons kuier lekker onder Fanie se tent met 'n knertsie OBS en lippe-aflek kos wat Hettie voorgesit het. Die kamp is vyfster, geleë langs die Tugelariervier met 'n manjifieke uitsig oor die Amfiteater. Wat 'n gesig!

Die vars lug het ons almal soos babas laat slaap. Vroegoggend het Henry met sy bergfiets gaan ry en die res het rustig gesit en koffie en beskuit geniet. Bets het gesorg vir 'n middagete-fees van hoenderpastei, slaaie en natuurlik vrugteslaai met karamel en vla. Die manne het die skottelgoed gewas (en so ook elke dag van die toer), die dames het die uitsig bewonder en daarna het almal gaan "rus" – magies vol, ogies toe!

Maandag ry ons na die Royal Natal Nasionale Park. Dié uitstappie na Tendele om die Amfiteater van nader te sien was 'n bonus want die berg was helder oop. Bets Joubert het hier vir haar 'n plaas gekoop toe sy nie kyk waar sy loop nie, en Alida het 'n plot gekoop. Gelukkig was verbande op hierdie transaksies nie nodig nie!

Ons neem hope foto's van o.a. die *Policemans Hat*, Sentinelpiek en *Eastern Buttress*. Ons gaan kyk ook na die vervalle *Royal National Hotel*. Niks te ete by die hotel nie, het maar ons eie kerrie en rys by die kamp gaan geniet!

Die volgende 4 dae was *Dragon*

Peaks (Sentraal Drakensberg) ons tuiste. Wat 'n mooi uitsig op die berge en die pragtige blou swembad voor ons. Ons het die voorreg gehad om die Drakies se volle koor te sien optree – wat 'n belewenis!

Natuurlik kon ons 'meisies' nie verby die Bata skoenfabriek en die matwewery ry nie. Gelukkig vir die manne se beursies, was daar hoofsaaklik skoolskoene. In Winterton het ons die museum besoek en het verwonderd gekyk na die ou motorwoonwa wat in 1918 deur skoutadmiraal MJL Weston gebou is. Daarna het ons by die Canaan Koffiewinkel "vetkoek en mince" gaan eet. Die aand het ons weer na die Drakies gaan luister wat 'n interne kompetisie vir van hulle leerlinge gehad het.

Saterdagoggend het ons vertrek na Drakensville waar ons sewe nagte sou oorsaam. Dis 'n netjiese oord met beddings vol rose wat vol in blom was. Ons het oral op die terrein gestap en die manne het amper elke dag die warm onderdak-swembad gaan opsoek. Vars aartappelskyfies was Frank se gunsteling, en ons het die restaurant gaan besoek en heerlik geëet. Die kamp was redelik vol gedurende die naweek en Sondagmiddag het die meeste mense vertrek. Net die P+P's (pensionarisse en *pramstoters*) het agtergebly.

Die uitstappie na Sentinelpiek was die hoogtepunt. Dinsdagoggend ry ons na Phuthaditjhaba, ook genoem Qwaqwa of Witsieshoek. Sandsteenrotse hang plek-plek half oor die pad op die pas na Sentinelpiek. Die berg met sy valleie is onbeskryflik mooi en ons het weereens besef dat die Skepper Alleenheerser is.

Ons neem foto's van o.a. die Fika Patso-dam. By die beginpunt waar die stappers die berg instap hou ons stil en loop 'n entjie op die "sement"paadjie om foto's te neem van *Devils Tooth*, *Three Witches* en

Sentinelpiek wat voor ons uittoon. Toe was dit tyd vir eet. Ons word verras met hamburgers en boetroos deur Frank en Hettie, ons peetpa en ma.

Wat ons ete en drinke betref op dié toer, kan ons bevestig dat die skaal by die huis nie te positief gaan reageer nie.

Vir ons was hierdie twee weke Drakensbergtoer 'n fees, met baie om te besigtig en te doen, en met Sawanante wat ons altyd sal onthou. Baie dankie aan Frank en Hettie vir die onvergeetlike kuier-kuier toer-ervaring wat hulle vir ons beplan en gereël het.

Magdanell Botha het die toer soos volg beleef:

Die paar dae by Hlalanathi het begin met Franse braai brood wat met 'n slag grond toe is toe die tafel onder Theunis padgegee het. Hy het hom verwonder aan die "chemiese reaksie" toe uitgestorte kookwater wit word – omdat die melk daarmee gemeng het! Dis afgesluit met ontbyt by die restaurant, waar ek, volgens Theunis, die bont hennetjie, wat hulle netnou gejaag het, se eiers gekry het. Dis hoekom ons so lank moes wag vir ontbyt!

Die eerste oggend by *Dragon Peaks*, was die hees geluide van kraaie en wilde ganse, 'n heel anderse belewenis van die Drakensbergwêreld. Ek het die wisselende tafereel van wolke en son wat dan hier, dan daar, pieke en groen gras belig, gemis. Die vrolike gekwetter van geelvinke en mossies, die rustige gebulk van beeste wat al weiend berg-af loop by *Hlalanathi*, is anders by *Dragon Peaks* met sy groen gras waar perde wei onder dramatiese pieke.

By Drakensville het ek gewens die sterk wind wil weer die soet stemme van die seunskoor na my dra – sodat ek die volle wonder van God se skepping kon indrink: berge, bome, son, wind en massas kleurvolle rose – maar ook die mens!

Ai, hoe sê mens dankie vir nuwe en ou vriende, wat 14 dae in 'n leeftyd se onthou-jy beelde omskep het!

Schalk gesels met nog 'n Johanna . . .

Ek het nou al gesels met 'n Johanna Fransiena, Johanna Francina en Johanna Jacoba, maar hierdie keer was dit die beurt van Petronella Johanna Lotz. Lyk my mens sal een van die dae Johanna-grappe kan vertel soos Van der Merwe-grappe! Ewenwel, sy is 'n maand te vroeg in die Hansa-kliniek in Bellville gebore, en het amper vier pond, in die ou taal, geweeg. Dis net minder as 1.8 kg! Die Hansa-kliniek het egter, soos die naam seker aandui, nie broeikaste gehad nie, en hulle moes inderhaas met haar na die Karl Bremer-hospitaal toe jaag om haar in 'n broeikas te kry. Hier moes sy toe die volgende maand van haar brose lewetjie deurbring. Maar ek moet darem byvoeg, sy het van toe af nogal baie gegroei en verander! Haar pa was op daardie stadium skoolhoof op Stanford en sy was die enigste kind in die huis, want haar ma het in totaal drie miskrame gehad.

Sy was in die kleuterskool in Pinelands, toe word haar pa skoolhoof op Ysterplaat. Op vyfjarige ouderdom word haar pa toe inspekteur van skole op Queenstown en in sub A was sy toe in die Laerskool Hangklip. Die hoogtepunt van haar skoolloopbaan was toe sy daar geleer het om poetoepap te eet! Haar pa word toe terugverplaas Pinelands toe waar hulle toe weer in hulle ou huis intrek. Daar was sy in die Laerskool Oude Molen, en in die Hoërskool Groote Schuur tot matriek, waar sy aan omtrent alles deelgeneem het, hokkie, tennis, klavierspeel, kuns en ballet. Na skool het sy op Stellenbosch BSc gewot, en daarna 'n onderwysdiploma verwerf. Sy het in Plumstead, naby Tokai, skoolgehou.

Intussen is hy in Middelburg in die ou Transvaal gebore terwyl sy pa naby Steelpoort geboer het. Hy was in die Laerskool Roosenekal en spog daarmee dat hy sy ouma se dertiende kleinkind was, en dieselfde geboortemerk as sy het, en dit was miskien hoekom sy hom so bederf het! Hy was in die Hoërskool Middelburg tot

standerd nege, en daarna in die Generaal Hertzog Hoërskool op Witbank tot matriek. Hy is toe vir militêre diensplig opgeroep na Youngsfield in die Kaap, en het die volgende twee-en-dertig jaar van sy lewe in die Weermag deurgebring. Hy was gereeld op die grens en het daar te doen gehad met al die ontberinge en swaarkry wat destyds deel gevorm het van daardie mense se daaglikse roetine. Hy moes onder andere 'n brief skryf aan sy bevelvoerder om toestemming te kry om sy eie troue te mag bywoon! Hy het op 'n stadium gedurende hierdie tyd by Whetton naby Wynberg gebly. Julle kan seker sien waarheen alles besig was om te gaan: Wynberg is nie baie ver van Pinelands en daardie plekke af nie! Dis nou hier waar Petronella weer in die prentjie begin inkom!

Hulle predikant se seun het gereeld by haar en haar ma kom kuier terwyl die seun ook in Youngsfield was (heel toevallig was hy ook daardie tyd in Youngsfield, en nog meer toevallig, die vriend van die predikant se seun!) Toe die predikantseun ook moes grens toe gaan, het hy ewe onskuldig en onwetend haar en haar ma aan sy vriend se sorg toevertrou, min wetende dat hy nou besig was om vir wolf skaapwagter te maak! Maar nog is dit het einde niet! Sy was toe nog op skool, en daar gaan staan en vra haar ma hom toe om tog asseblief saam met Petronella na 'n troue te gaan om haar teen die (ander) wolwe te beskerm! Verbeel jou dit!

Toe is daar niks wat hom kon keer nie, en op 24 Desember 1975 het hulle begin uitgaan, klink my dit was 'n baie amptelike geleentheid! Haar ma het egter haar voorwaardes gehad: Hy moes skree vir die WP, hy moes stem vir die NP en hy moes van die Hervormde Kerk oorkom na die NG Kerk, anders basta! Ek sal maar nie sê aan watter verites hy nie wou voldoen nie.

Ten spyte van al hierdie klippe

wat in sy pad gerol is, het hy eenkeer met 'n agt dae pas van die grens af gekom en sommer in daardie tyd verloof geraak. Daarna het hulle mekaar vir ses maande nie weer gesien nie, en toe op 6 Desember 1980 in Pinelands getrou. Omdat hy omtrent net vir die seremonie toestemming gehad het, is hy direk na die wittebrood weer terug grens toe. Wat 'n lewe!


Na hulle troue het hulle saam met vriende begin kamp, en in Februarie 1982 hul eerste woonwa gekoop. In Februarie 1986 is John gebore, en toe sy swanger is met Nell, het hulle Lohatla toe getrek sodat hy in Junie 1988 daar gebore kon word. Martin is toe in Mei 1993 in Kathu gebore.

Sommige van julle het seker nou besef ons praat van Ronelle en Charlie King wat 'n jaar gelede, na die Weesgerus kamp, by SAWA aangesluit het, en omtrent ses kampe agter die rug het. Vanaf November 1998 bly hulle in hul huidige huis, met die gepaste naam "OPKYK", want ener syds kyk mens van die straat af op na die huis, en andersyds het hulle geleer om op te kyk na bo waar hulle weet hulle hulp en voorsiening vandaan sal kom.

Gedurende al Charlie se jare op die grens waar 'n mens besef jy leef op geleende tyd, en wanneer jy nie weet of jy jou geliefdes ooit weer sal sien nie, en met al hulle rondtrekkery, het hulle ervaar dat daar 'n Hoër Hand is wat lei, waarna jy kan opkyk. Hulle kommunikeer telepaties met mekaar, en in die verband kan hulle van ondervindings getuig.

Hulle het geleer om die lewe positief te benader, soos Pat Messiti sê:

"Life and death are in the power of the tongue. Begin telling yourself you don't feel good, and you won't feel good. Tell yourself your business is in a mess, and it will get in a mess. Words have the ability to inspire, create, motivate, and change".



Seniors

Lofdig vir Senior Burgers

vandag staan ek voor julle
senior burgers om 'n pryswoord
vir julle te bring

vandag buig ek my hoof
voor julle uit eerbied en respek

ek was julle voete met nardusolie
salf julle van kop tot toon
met seënbede vanuit die Hoogste Troon

nooit het julle ons jul kinders
kleinkinders óf agterkleinkinders
in die steek gelaat

pioniers wat myle versit het
wat die landerye vir ons oop
geploeg het sodat ons vandag
kan vrugte pluk

pioniers wat ons die leëringe
van God gebring het ons aan sy
pand laat klou het al was die pad
na Golgota bloedsweetend swaar

pioniers wat in ons liefde
geduld uithou vermoë kom anker het
om die roeping wat God op ons
lewens geplaas het, raak te sien

pioniers wat die wysheid op jul
kneukels dra jarelange moegheid
in die kraaipootjies om die oë
o die jig pyn eelte onder die voet

julle het oud geword tog steeds
strooi julle sout waar julle gaan
want julle is die sout van die aarde
die rots waarop God se tempel staan

aan sy kruishout sal ek vashou
soos net julle ons geleer het om te klou
op die Heilige Gees sal ons roep
as ons oplossings vir ons probleme soek

vandag is ek op my knieë voor julle
om ook te raak aan die Godheid wat
uit julle straal wag ek ook saam
met julle ... tot Hy ons eendag kom haal

(Floris A Brown, Litnet)

jongklomp



Tieners vra:

Swig ons onbewustelik voor groepsdruk?

My matrikulant-tiener stap Vrydagaand met 'n lang gesig by die TV-kamer in. Toe ek vra wat aangaan sê sy al haar vriende gaan vanaand by 'n sekere kuierplek wees en sy het gesê sy het reeds gesê dat sy nie sal kan gaan nie, want sy weet ek sal haar nie toelaat om na 'n plek toe te gaan waar onder andere drank bedien word nie en nog die potensiaal het dat 'n groot klomp ander dinge ook kan gebeur.

Einde laaste voel ek my kind se sosiale lewe kan nie ly onder my rol in die gemeenskap nie. Ek gee my toestemming dat sy mag gaan. Natuurlik was die manipulerende lang gesig toe vergete. My enigste voorwaarde was ek stap saam met haar in en gaan kyk wat daarbinne aangaan en as ek dink dit is nodig, dan kom sy saam met huistoe.

Ek voel omtrent soos 'n "celebrity" toe ek daar instap, want die meeste van die tieners

wat my ken is bly om my te sien. (Daar was ook die wat probeer wegkruip het.) Sy was reg, al haar vriende was daar, omtrent drie honderd van hulle. Sy was reg, daar word drank bedien, maar dit wil voorkom asof die ouderdomsbepanking in die verband gehandhaaf word. Maar die aand was nog jonk en mens weet nie wat alles daarna gebeur het nie. Ek bly vir omtrent tien minute om te sien wat aangaan.

Ek gaan met 'n rustige gemoed huistoe, nie omdat ek dink die plek is die paradys nie, maar ek vertrou my kind en ek glo dat sy die regte besluite sal neem.

Sy het die aand geniet, maar dit het net weer bevestig: Die meeste tieners is op hulle beste in groepe.

Ek dink mens sou nog voorbeeld op voorbeeld op voorbeeld kon noem van wat groepsdruk doen. Tieners wil nie hê dat mens hieroor met hulle praat nie, wat volgens hulle kry hulle genoeg daarvan. (Attie van Zyl)

Lekker kuiernaweek by Shangrila-Innibos



Die mooi swembad tussen groot skadubome



Pierre de Villiers, Jerome Henning en Martiens de Swardt aan die braai



Johann Lemmer besig om skottelgoed te was



Ina vd Berg, Sonja de Jong, Hettie Smith, Alida Venter en Bets Joubert



Pierre de Villiers, Fanie en Alida Venter en Hettie Smith met teetyd



Kampkommandante: Bets en Martiens Joubert, Hettie en Frank Smith



Skakel om 'n afspraak te maak

072 949 6293

(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en
Springbokstraat, langs die
pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier
was nie**

Parkeer onder groot bome

Ondersteun ons eie mense

ELWIERDA APTEEK

Elwierda@mweb.co.za

Noodnommer 082 460 0162

Kom maak kennis en kry:

- Flinker diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

Elwierda Apteek

Koedoestraat 184 Wierdapark

Telefoon 012 653 6153 012 653 6172

Faks: 012 653 6175

VERJAARSDAE



Dis vir Kampkrummels baie aangenaam om die mense wat hieronder genoem word en in Desember en Januarie verjaar, geluk te wens met hulle verjaarsdae

DESEMBER

04 Hannes Rothman
12 Anna Henning
12 Anna Rall
12 Johanna van Biljon
12 Manie Brits
16 René Beneke
20 Willem Nordejé
20 Andries Claassens
20 Mike du Preez
21 Quintin Prinsloo
22 MC de Swardt
25 Chris Joubert
26 Elma Bronkhorst
27 Alet Lemmer
29 Madelein Bezuidenhout
30 Hennie Ferreira

JANUARIE

05 Anika Voges
06 Marie Marx
07 Leonard Lemmer
07 Everdt Combrinck jnr
10 Barend Vorster
11 Theo Beneke
11 PG Whelan
13 Bea Groenewald
15 Laurette Malan
16 Stean van den Berg
17 Johan van Huyssteen
18 Wanda Blignaut
21 Christo van der Merwe
21 Marianka Combrinck
25 Hano Zietsman
28 Celeste Botha
29 Willem Pretorius

Kyk hoe rus-tig gaan dit by Shangrila-Innibos!



Frank, die kampkommandant



Willem by die swembad



Pierre voor sy woonwa



Lief en leed

Natasha (van André en Magriet Baker) het 'n babadogtertjie, Danika. André en Magriet is ouma en oupa en Jerome en Anna is oupa- en oumagrootjie. Baie geluk!

Chris Joubert se hartprobleme verg dat hy moontlik 'n hartoorplanting moet ondergaan. Sterkte.

Johann en Alet Lemmer het 'n nuwe woonwa.

Regardt (van MC en Marie de Swardt) is verloof aan Mari-Louise van Wyk. Baie geluk!

Helmien van Biljon se moeder het al verskeie beroertes gehad en dit gaan nie goed met haar nie.

Dit gaan baie beter met Ina van den Berg se broer wat vervangings aan albei knieë gehad het.

Celeste Botha het 'n operasie in haar mond ondergaan.

Ragel de Swardt se moeder is oorlede.

Sawa-kongres wat op Buffelspoort gehou is



Alet Lemmer gesels met Schalk Nolte tydens teetyd



Berta Jordaan, Fanie en Marie Marx, Johanna van Biljon en Alet Lemmer



Hennie Ferreira kyk na die publikasie wat as die beste aangewys is



Willie en Elma Bronkhorst saam met Pieter en Johanna van Biljon



Hennie ontvang die Nasionale Meriete-toekenning van Jurie



Johann en Alet met hulle Nasionale Meriete-toekenning



Nico Spaumer oorhandig die eerste Presidente-das aan Christo vd Merwe



Erelede Gert en Anna Rall saam met die President en Nasionale Voorsitter



Schalk Nolte ontvang die trofee vir beste Nuusbriefbydrae



Beste Nuusbrief: Johann Lemmer ontvang die beker namens Kiepersol



Elma Bronkhorst: Nasionale Meriete



Sawa-vrou van 2011 word deur Sawa-vrou 2010 geluggewens

Die kongresfoto's is geneem deur Nico Swartz en Johann Lemmer

Geseënde Kersfees!